

**Dinsdag 21 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:26-40**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:40**

**Die gebruik van die gawes moet daartoe dien dat alles gepas en ordelik  
geskied**

Paulus waarsku dat die verkeerdelike gebruik van die gawes in die ge-meente tot onordelikheid kan lei. Daar is persone wat nie ander in ag neem by die gebruik van sy gawes nie – persoonlike voorkeure, arrogansie, hoogmoed bring verdeeldheid.

Die liggaam van Jesus is dan nie gesond nie, want daar is lidmate wat met hulle selfsugtige optrede die gesonde en effektiewe werking van al die liggaamsdele teenwerk. Daar is nie 'n sensitiwiteit vir mekaar nie.

Sulke optredes bring wanorde en sodoende word die vrede versteur. Daar-om gee hy duidelike opdragte ten opsigte van die gawe van ongewone tale en klanke en die gawe van profesie. Hy beklemtoon dat in die liggaam van Christus, die kerk, elkeen belangrik is. Die hele liggaam moet geleer en aan-gemoedig word om sy besondere gawe tot opbou van die liggaam te beoefen.

Die Heilige Gees kan en wil enige lidmaat op enige gegewe tyd gebruik om met sy besondere gawe deel te hê aan die opbou van die liggaam. Ons moet daarom oppas om nie net sekere lidmate sekere opdragte te gee en ander uit te sluit nie.

Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan: Hoe lyk ons aanbiddings-geleenthede vir diegene van buite? Is dit welvoeglik, gepas? Tree jy so op dat die liggaam gesond en effektief kan funksioneer?

*Sing: Skrifberyming 12-2:5*

*Dr. TC (Theuns)de Klerk (Okahandja)*